basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VISUELE KUNSTE V1

## 2023

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen sal jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Kandidate mag NIE kunswerke bespreek wat reeds in ander vrae gebruik is NIE.

9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

10. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning:

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

11. Skryf netjies en leesbaar.

**LAAT HIERDIE BLADSY OOP.**

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

| |
|---|
| Die Impressionistiese kunstenaar, Edgar Degas, weergee die realiteit van sy tyd. Kerry James Marshall fokus op die intieme verhouding tussen die paartjie. |

1.1 Bespreek die kunswerke in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b en beskryf die stories wat deur die kunstenaars vertel word.

Gebruik die volgende riglyne:


- Narratief/Stories
- Ooreenkomste en verskille
- Komposisie
- Styl
- Stemming (8)

1.2 Bespreek die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat jy bestudeer het wie se werk tonele van hulle alledaagse lewe uitbeeld.


Jy moet die volgende by jou antwoord insluit:

- Onderwerp
- Kunselemente
- Invloede
- Styl en tegniek
- Moontlike betekenis en boodskap (12)

**[20]**



FIGUUR 1a: Edgar Degas, ***The Absinthe Drinker (Die Absinthe-drinker)***, olie op doek, 1876.



FIGUUR 1b: Kerry James Marshall, ***Untitled (Club Couple) (Ongetiteld (Klubpaartjie))***, akriel op bord, 2014.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA-EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

Suid-Afrikaanse kunstenaars beeld dikwels kuns uit wat inheemse of Afrika-simbole en motiewe bevat om interessante kunswerke te skep.

2.1 Bespreek die gebruik van inheemse en/of Afrika-beelde of -simbole in FIGUUR 2a en2b.

Gebruik die volgende in jou antwoord:

- Beelde en komposisie
- Simboliek
- Media en tegniek in FIGUUR 2b
- Moontlike betekenis en boodskap (10)

2.2 Bespreek TWEE kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat Afrika-kultuur verken.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Kunselemente
- Invloed van inheemse en/of Afrika-simbole
- Styl en tegniek
- Moontlike betekenis en boodskap (10)

**[20]**



FIGUUR 2a: Speelman Mahlanghu, ***Abstracted African life (Geabstraheerde Afrika-lewe)***, olie op doek, 2014.



FIGUUR 2b: Lucky Sibiya, ***Woman and Flower (Vrou en Blom)***, gesnede en geverfde houtpaneel, 1994.

**VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT**

Ons land dra die herinneringe aan veldslae van die verlede.

In ***Terra Incognita*** (FIGUUR 3a), wat in 1991 net voor Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing geskep is, gebruik Penny Siopis Suid-Afrika se teenstrydige geskiedenis as bronmateriaal. Sy maak ons bewus van ons wandade in die verlede in die stryd om grondbesit.

3.1 Met verwysing na die stelling hierbo, skryf 'n paragraaf waarin jy na die volgende verwys:

- Jou interpretasie van die groot, kruipende 'meisie-reus' en haar plasing in die komposisie
- Media en tegniek
- Gebruik van kleur en tekstuur om stemming te skep
- Moontlike betekenis en boodskap (8)

3.2 Skryf 'n opstel waarin jy TWEE kunswerke analiseer van TWEE verskillende kunstenaars wat sosiopolitieke kwessies in hulle kunswerke ondersoek.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Kunselemente
- Invloede
- Materiaal en tegnieke
- Moontlike betekenis en boodskappe (12)

**[20]**



FIGUUR 3a: Penny Siopis, ***Terra Incognita***, olie en collage op bord, 1991.

Die figuur en die land vorm 'n collage van beelde van historiese veldslae in Suid-Afrika.

**Terra Incognita:** Onbekende of ongerepte gebied

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| In die woorde van die kunstenaar, Sophie Peters:<br><br>'Vroue is wonderlike krygers aangesien hulle baie swaarkry verdra, maar steeds die struikelblokke wat hulle in die gesig staar, oorkom.' |

4.1 Met verwysing na die stelling hierbo, skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek hoe die kunstenaar eenheid uitdruk.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp en kort beskrywing
- Komposisie
- Tekstuur en maak van merke
- Gebruik van lyn
- Moontlike betekenis en boodskap (10)

4.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat kuns, kunsvlyt en/of geestelike werke van landelike Suid-Afrika skep.

Verwys na die volgende riglyne:

- Invloede
- Media en tegniek
- Moontlike betekenis/doel/funksie
- Hoe dra hierdie kunswerke/kunsvlyt/geestelike werke tot die gemeenskap by? Brei uit. (10)

**[20]**



FIGUUR 4a: Sophie Peters, ***UNITY (EENHEID)***, linosnee op papier, 2004.

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| Vivien Kohler gebruik alternatiewe vorms om kommentaar op huidige Suid-Afrikaanse kwessies te lewer. |

Bespreek die gebruik van alternatiewe kunsvorme en materiaal deur te verwys na FIGUUR 5a en enige TWEE Suid-Afrikaanse multimedia- en/of nuwemedia-kunstenaars wat jy bestudeer het. **[20]**




FIGUUR 5a: Vivian Kohler, ***My Iron Lung (My Ysterlong)***, gevonde metaalvoorwerpe, voegbry en olie op bord, 2014.

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Kunstenaars poog om die wêreld as 'n verhoog te openbaar, en te fokus op hoe voorkoms kan verander, soms deur die waarheid te verdoesel en 'n individu se ware identiteit te verbloem.

6.1 Vergelyk FIGUUR 6a en FIGUUR 6b deur na die volgende te verwys:

- Waar die toneel plaasvind
- Houding en plasing van die figuur
- Betekenis van die objekte
- Kleur
- Stemming
- Betekenis en boodskap oor identiteit (10)

6.2 Bespreek enige TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke wat kwessies van identiteit hanteer.

Gebruik die volgende riglyne:


- Onderwerp
- Media en tegniek
- Kunselemente
- Moontlike betekenis en boodskappe (10)

**[20]**

**'Contentment'/Tevredenheid:** 'n Toestand van geluk en satisfaksie



FIGUUR 6a: Angela Banks, ***Table of Contentment (Tafel van Tevredenheid)***, olie op doek, 2019.



FIGUUR 6b: Kathlego Tlabela, ***Ikoyi Lagos*** (study/'studie'), akriel, ink en collage op doek, 2020.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES

***'Dis nie alles goud wat blink nie.'***

Kontemporêre kunstenaars daag vooropgestelde idees van geslag uit.

7.1 Bepreek die kunswerke in FIGUUR 7a en FIGUUR 7b deur die volgende te oorweeg:

- Uitbeelding en plasing van die figure
- Kleur
- Gebruik van dekoratiewe elemente en tekstuur
- Visuele beelde
- Moontlike betekenis en boodskap (10)

7.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat ook die uitdagings van geslagstereotipes en vooropgestelde idees ondersoek. (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Devan Shimoyama, ***Michael***, olie, akriel, kleurpotlood, juwele, blinkers, collage en materiaal op doek, 2018.



FIGUUR 7b: Wangechi Mutu, ***Riding Death in my Sleep (Ry die Dood in my Slaap)***, ink, collage op papier, 2002.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Die uMkhumbane Kulturele en Erfenis-museum is die eerste museum wat die afgelope 100 jaar in Durban gebou is. Die museum in Cato Manor, Durban, is ontwerp om die area se ryk kulturele geskiedenis te bewaar en om 'n plek te bied vir opvoedkundige en ontspanningsgeleenthede.

8.1 Bespreek FIGUUR 8a in 'n paragraaf waarin jy na die volgende verwys:

- Kontras in materiaal
- Vorm
- Hoe lig in die struktuur ingelaat word
- Patroon (8)

8.2 Analiseer enige TWEE geboue/strukture wat jou geïnspireer het deur die volgende te bespreek:

- Boumateriaal
- Invloede
- Styl
- Perseel/Plasing/Gebied (12)

**[20]**



FIGUUR 8a: Choromanski Architects, ***uMkhumbane Cultural and Heritage Museum (uMkhumbane Kulturele en Erfenis-museum)***, Cato Manor, Durban, kleisteen, beton, metaal wat soos chroom lyk, circa 2003.

**TOTAAL: 100**